# Inheemse Spoor

Celebrating Khoi-Khoi Indigenous Knowledge


Uitgawe 5 | 'n Publikasie van die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust | September 2023

**BIOTRADE FEES:** Verteenwoordigers van die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust het die Fees bygewoon.












# BIODIVERSITEIT BIED GROOT VOORDELE

## … maar nog baie uitdagings moet aangespreek word

ZENZILE KHOISAN

Daar lê 'n blink toekoms voor vir Suid-Afrika se Khoikhoi fondasie nasie indien daar so gou as moontlik geëis word vir 'n regverdige bedeling binne die multi-miljard rand bedryf, wat gekoppel is aan biodiversiteit.

Dit is die boodskap wat weggeneem is deur lede van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust wat die African Biotrade Festival in Johannesburg bygewoon het.

Dié fees, die eerste in sy soort, is in samewerking met die Departement van Omgewingsake van 14 tot 16 September in Sandton aangebied, en is een van die grootste byeenkomste waar rolspelers in die biodiversiteitsbedryf op die Afrika vasteland byeengekom het.

Afgevaardigdes sluit in regeringsamptenare, NGOs, besighede, navorsers en die vervaardigers van biodiversiteit-produkte, asook tradisionele en Khoi en San inheemse leierskap.

Hierdie fees, waar alles wat met biodiversiteit te doen het bepreek word, en sommige produkte uitgestal word, word gesien as 'n forum waar uitdagings, wetgewing en regulasies, asook die noodsaaklikheid vir transformasie en opheffing van inheemse gemeenskappe en gemarginaliseerde rolspelers binne die biodiversiteitsbedryf bespreek word.

Die organiseerders beskryf die fees as 'n "allesomvattende platform waar rolspelers soos kopers, navorsers en innoveerders, wat betrokke is in die voedsel-, geur- en skoonheidsbedryf byeenkom om oplossings te vind om markhindernisse in die biodiversiteitsbedryf te oorkom".

"Die hoofdoel van die Biotrade Festival is om insig te kry in die groei en markpotensiaal van inheemse bestanddele en produkte," aldus die organiseerders.

Hierdie handelspesies sluit in kremetart, marula, sceletium, boegoe en heuningbos.

Past. Johannes Maarman, voorsitter van die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust, wat die fees bygewoon het, het in sy reaksie gesê in die Kouga-streek in die Oos-Kaap, waar hy vandaan kom, groei die heuningbos welig, asook ander plante wat deel is van die Khoi se inheemse kennisstelsel.

"Ongelukkig word ons mense heeltemal uitgesluit omdat die grond waar die heuningbos groei nie in ons mense se besit nie, maar wel in die hande van wit mense wat aan die stuur is van die heuningbos-bedryf en dus al die nodige toegang en hulpbronne besit en bestuur."

Vervolg op bl. 2

# Prof. Jatti, was Khoi-San raadgewer, beskermheer

CECIL LE FLEUR
VOORSITTER VAN DIE NASIONALE KHOI-SAN RAAD

As voorsitter van die Nasionale Khoi-San Raad, wens ek hiermee ons innigste medelye teenoor Mev. Florence Bredekamp, die kinders en die res van die familie, uit te spreek. Ons het met skok verneem van Prof. Jatti Bredekamp se skielike afsterwe.

Met sy dood het Prof. Jatti 'n groot leemte gelaat in die geledere van die Khoi-San Volk van Suid-Afrika. Hy was vir ons 'n raadgewer, akademiese verwysingsbron en 'n beskermheer.

Sy onbaatsugtige bydrae tot die vryheidstryd van die Khoi-San, sal vir ewig onuitwisbaar in die anale van ons droewige geskiedenis ingegrafeer bly.

In die vroeë dae van ons stryd vir konstitusionele erkenning, het hy, met die hulp van Prof. Olivier, die status quo verslag geskryf wat die historiese aanloop en die huidige posisie van die verskillende Khoi-San groeperinge saamgevat het.

In 1997 het hy, met behulp van die instituut vir historiese navorsing van die Universiteit van Wes-Kaapland, waarvan hy ook die hoof was, 'n konferensie in Kaapstad gehou wat beskou kan word as die geboorte van die herlewingstryd van veral die Kaapse Khoi-khoi groepe.

Dit het ook as voorloper gedien vir die Oudtshoorn-konferensie, waar die Nasionale Khoi-San Oorlegplegende Konferensie die lig gesien het. Laasgenoemde was ook sy inisiatief en was iets waaraan hy baie hard gewerk het. Hy was by daardie geleentheid as die beskermheer van die nuwe liggaam gekies.

Prof. Jatti was ook een van die baanbrekers vir die stigting van die Nasionale Khoi-San Erfenis Roete, wat nou uiteindelik sy implementeringsfase binne gegaan het.

As medeskrywer van Dr. Willa Boezak se boek, Griekwaheld het hy ook 'n onuitwisbare nalatenskap vir die Le Fleur familie en die breër Griekwa volk verseker. Hiervoor sal ek, in my persoonlike hoedanigheid, hom altyd onthou en vereer.

Hy was vanaf my dae as jong aktivis vir die Griekwa en later vir Khoi-San regte, my mentor – en meer. Hy was ook my raadgewer en leermeester.

Ons sal hierdie merkwaardige man en sy nalatenskap vir ewig vertroetel. Mag hy ewige rus vind waar hy by sy Skepper is.

**(Meer huldeblyke aan Prof. Jatti op bl. 5)**




# Biodiversity Industry still untransformed


ZENZILE KHOISAN

The Biodiversity industry is still largely untransformed, and the current situation of which the majority had been marginalised and sidelined, must be addressed by the government

This was said by Khorommbi Matibe, the Department of Environmental Affairs Chief Director: Biodiversity Economy and Sustainable use, at the African Biotrade Festival held in the Sandton Convention Centre.

This inaugral festival ran from from 4-16 September and drew together stakeholders from government, corporate interests, NGOs, researchers, product developers and indigenous and traditional leaders.

They came together to deliberate on policies and prospects related to South Africa's impressive biodiversity assets, including Baobab, Marula, Sceletium, Buchu and Honeybush.


Khorommbi Matibe, Chief Director of the Department of Environmental Affairs .

In his presentation at the Festival Matibe explained the position of the government on what was required to rectify the situation where the majority has been marginalised and sidelined.

This directive included that the industry had to transform, invest in the marginalised; localise the industry where genetic materials naturally occur; skill emerging farmers; give new entrants access to the market; handhold new enterprises; embrace transformation initiatives and adopt a "prosperity for all attitude."

It was clear in Matibe's presentation that there is big potential for participation, access, benefit sharing, enterprise development and employment creation.

He also noted, however, that there were numerous biodiversity sectoral challenges that needed to be addressed, including the fact that "the sector is also fully reflective of the general land ownership patterns in South Africa, which is skewed towards one racial group".

Matibe's reflection on the challenges that have to be addressed are to be understood in the context of the South African development state. This requires ensuring the value of its vast biodiversity assets creates possibilities for the inclusion of the majority of the people who have been historically marginalised.

For the Khoi-Khoi, whose primary knowledge holder rights have been recognised by both industry and the government, it is a critical time to call for transformation to secure their share of this billion dollar industry.

The descendants of South Africa's foundational peoples must act with urgency to assert all their traditional knowledge holder rights. This means taking advantage of all available opportunities connected to the vast portfolio of plants and other species with which their forebears have developed an intense indigenous knowledge pathway over numerous generations, reaching back to the pre-colonial era.

This has been the message carried throughout the Rooibos Knowledge Holder recognition and Access and Benefit sharing journey of the National Khoi and San Council in its engagements with industry, government and first nation descendants.

The festival was organised in association with the Department of Environmental Affairs to ensure broader participation in this ground-breaking festival, drawing together all the critical tole players in the biotrade sector, resulted in an invitation to the trustees of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

Delegates from the Trust told Inheemse Spoor that they "had gained valuable insights into what is really possible if our people are able to properly participate and are able to access resources to fully benefit from our own indigenous knowledge."

# BIODIVERSITEIT BRING VOORDELE

## ... maar nog baie uitdagings

Vervolg van bl. 1

Volgens die voorsitter van die Trust, Past. Johannes Maarman, is die veldtog, wat die Trust gaan aanpak, nodig om die onregte van die verlede reg te stel.

"Dit is nie iets wat kan wag nie, want ons mense moet opgehef word," het Past. Maarman gesê.

"Ons mense moet hul eie grond kry sodat ontwikkeling kan plaasvind en ons 'n volhoubare bestaan kan maak, en die pad vorentoe vir ons mense kan oopmaak," het hy gesê.

Die noodsaaklikheid vir transformasie binne die biodiversiteitsbedryf was ook een van die belangrike brandpunte wat aangespreek is deur Khorommbi Matibe, Hoof-Direkteur: Biodiversiteitsekonomie en Volhoubare gebruik by die Department van Omgewingsake.

In sy aanbieding as deel van die regering se bydrae by die Biotrade Festival het Matibe onderstreep dat daar vele probleme en uidagings binne die sektor is wat dringend aangespreek moet word.

Een van die grootse uitdagings wat dringend aangepak moet word, volgens Matibe is die feit dat "die sektor die algemene grondbesit-patrone in Suid-Afrika wys, wat 'n ongelyke skaal weerspieël na die kant van een rassegroep."


**INHEEMSE VERTEENWOORDIGERS:** Cecil le Fleur, Poem Mooney, Barend Salamo en Frans Kraalshoek by die African Biodiversity Festival in Sandton, Johannesburg, die eerste in sy soort.

Organisers described the gathering of role players within the sector as an important intervention to streamline what has become an industry with worldwide reach.

"The event is a multi-stakeholder platform to open action orientated solutions to overcome market barriers through brokering knowledge flows between biotrade actors and is aimed at investors, researchers, buyers and innovators from the food, fragrance, flavours, ingredients and cosmetics sectors.

Visitors met biotrade producers, suppliers and communities, and could observe how the biotrade sector is addressing quality, market access, regulatory compliance and global competitiveness, African biotrade festival organisers noted.

It was the possibility to engage with a wide range of sector role players that was critical to Pastoor Johannes Maarman, chairperson of the Khoikhoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

"Our people have been completely excluded because the land on which the honeybush is cultivated is not in own people's hands.

The land is in the possession of white people who are in charge of the honeybush industry and control access to resources which our people require to properly establish themselves in the industry," Maarman stated.

# 'Tyd het aangebreek om tot aksie oor te gaan'



## Boodskap

van die Voorsitter van die

KHOIKHOI PEOPLES ROOIBOS BIODIVERSITY TRUST

JOHANNES MAARMAN

Goeiedag aan al ons Khoi-Khoi mense

As die voorsitter van die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust, wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te groet, reg deur die land en selfs deur die wêreld.

Uit die staanspoor wil ek vir u sê dat ons 'n baie lang pad geloop het. Dit het baie lank gevat om hier aan te kom, en daar was, en is steeds, nog baie uitdagings.

Danksy die genade van Bo het ons dit reggekry om aan te kom by 'n plek waar ons vir die Khoi-Khoi volk kan sê om gereed te wees want die oomblik het aangebreek waar ons nou oorgaan tot aksie wat hierdie Trust en die ABS voordele-verdeling betref.

Ek wil dit bevestig deur vir almal die volgende boodskap te stuur. Hierdie boodskap kan gevind word in die Bybel boek van Jesaja 43:18-19: "Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen. Dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom. Ek maak in die woestyn 'n pad, ek laat in die droë wêreld riviere ontspring."

Die boodskap van hierdie vers is presies waar ons op die oomblik is. Ek wil dan van die geleentheid gebruik maak om vir almal dankie te sê vir die baie geduld wat julle aan die dag moes lê; en die tye toe julle gewonder het wat aan die gebeur is.

Julle sal hier lees van die lang pad wat ons moes loop om tot hier te kom, en waar ons nie net die rooibos nie, maar ook die heuningbos, sceletium, die boegoe en al die inheemse plante na een plek toe wil trek om vir ons mense 'n bron te word, regdeur die wêreld – nie net in Suid-Afrika nie.

Almal wat met hierdie produkte werk, sal ingetrek word en sal moet bykom om ons mense daar te kry op die plek waar hulle moet wees. Baie dankie vir julle geduld en dankie vir die ondersteuning van diegene wat ons ondersteun het. Vir diegene wat ons nie ondersteun het nie, julle is vergewe.

Ons het nou hier aangekom en dit is nog steeds harde werk, maar ons sou dit nie sonder die Genade van Bo reggekry het.

Dankie weer eens aan almal - hierdie is nou nie meer 'n storie nie, die Bybel het reeds gesê dit is al hier. Hy gaan iets nuuts doen. Die nuwe ding is nou hier.

Die volk moet nou gereed wees om betyds, wanneer dit oopgaan, op die map te kom.

Kry julle gereed en laat ons die land se Khoi-Khoi en die wêreld se Khoi-Khoi wys dat daar het iets gebeur het en dat mense regoor die wêreld wat met hierdie produkte van ons werk, sien dat ons ernstig is om onse mense op te hef uit alle hoeke van die wêreld – kom word deel van hierdie saak.

Mag die Here vir julle seën oral waar julle is.

Profile of Chairman of the National Khoi-San Council — CECIL LE FLEUR

# Honour to serve to restore our rights



CECIL LE FLEUR

As the grandson of Andries Abraham Stockenström, whose lineage reaches directly to Adam Kok III, who are both critical figures in the history of the Griqua KhoiKhoi people, I can certainly state that I have never experienced a crisis of identity from the time I was born, through the time I grew and up to the present time.

It is this understanding of the principles that underpin the history, culture and heritage of the people from whom I come that has informed my worldview of the past and the thinking of the conditions in which we find ourselves today.

It is with the acute sense of the responsibility of history that I became involved in what is known as the Khoi-San resurgence, a movement that has developed organically to achieve the recognition, restitution and restoration of our people.

I am currently part of the United Nations policy drafting group to develop policies on how indigenous peoples relate to biotrade companies because these policies advance, develop and protect the cultural practices of indigenous peoples.

It is within this context that I have been honoured to serve our people's cause in various capacities, including as chairperson of the National Khoi and San Council.

It is through the NKSC and its work for our rights as indigenous people over more than two decades that also now serve as a member of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust on which I serve as one of the NKSC members.

The Trust is a legally established custodial instrument through which our people, in whose interests we serve, will be able to access the benefits of resources that are placed into the trust through Access and Benefit sharing agreements related to our knowledge holder rights.

As someone who was directly involved in the process from the very beginning, I will certainly state that it was a very difficult journey, through which we had to work with government and negotiate with the Rooibos industry and convince them that we could prove that the knowledge on which this lucrative industry is built was derived from the First Indigenous People of South Africa.

The signing of the Access and Benefit Sharing agreement at !Kwa ttu on 1 November 2019 between government, the Rooibos Industry and the National Khoi and San Council was a watershed event for our people because it was the official recognition that our people were the traditional knowledge rights holder over rooibos.

However, many people, including those who criticised us throughout the almost decade-long negotiation, do not recognise the immense amount of work and sacrifices that will bring benefits to them and to others.

This attitude must indeed change, because this victory came from a very difficult road from which those who were not part of the process expect to pick fruit from trees that they did not plant.

In terms of the road going forward, it is critical that we must really celebrate and protect the victories we have achieved, including the Rooibos Access and Benefit Sharing agreement and intensify our efforts to ensure that this process is expanded to include the entire biodiversity assets to which our First Nation indigenous people can claim the traditional knowledge holder rights.

My vision is to see a strong indigenous movement which will be sustainable for generations to come and to achieve that we will have to build a strong new foundation.

I believe that the establishment of the National Khoi-San heritage route must be part of the future view of the Trust because our indigenous knowledge evolved from the culture from which it was developed.

We shall also have to appropriately review our locally developed Biocultural Community Protocol (BCP) which gives guidance into our people benefit from indigenous knowledge.

## NKSC & TRUST CONTACTS

**Frans Kraalshoek:** Free State Representative – Griqua
Cell: 073 251 9090

**Gabriel Marais:** KZN Representative – Griqua
Cell: 083 703 9405

**Corneels Links:** Kharkams, Northern Cape – Nama
Cell: 078 498 5564

**Anthony Petersen:** Free State – Korana
Cell: 084 253 4393

**Cecil le Fleur:** Matzikama District, Cape Town – Griqua
083 234 5501

**Gert Joel Links:** Kuboes – Nama
Cell: 066 545 8585

**Chantal Revell:** Cape Town – Korana
Cell: 067 817 9337

**Johannes Waterboer:** Griekwastad, Northern Cape – Griqua
Cell: 083 732 6819

**Stanley Peterson:** Upington, Northern Cape – Griqua
Cell: 073 029 9956

**Johannes Maarman:** Patensie, Eastern Cape – Korana
Cell: 074 872 6829

**Louisa Williams:** Kimberley – Korana
Cell: 073 293 9467

**Margaret Coetzee:** Eastern Cape – Cape Khoi Inqua
Cell: 076 552 4723

**Moira Daya:** Gauteng – Cape Khoi
Cell: 084 680 7779

**John van Rooyen:** Gauteng – Bushmen
Cell: 078 326 5394

**Poem Mooney:** Oudtshoorn – Cape Khoi Attaqua
Cell: 083 590 2740 / 044 272 2848

**Johan George:** Eastern Cape – Korana
Cell: 063 318 9271

**Paul Pienaar:** Griqua
Cell: 084 312 6946

**Gert Witbooi:** Nama
Cell:

**Barend Salamo:** Wupperthal
Cell: 067 404 8840

**Kennett Maarman:** Nieuwoudtville
Cell: 073 944 4717

## KHOI-KHOI IDENTIFIKASIE EN GEMEENSKAPSFORMASIES

### WAT OF WIE IS 'N KHOI-KHOI GEMEENSKAP

"Khoikhoi gemeenskappe wat deur die Nasionale Khoi en San Raad en die Sederberg Strook Inheemse Boerdery-gemeenskappe verteenwoordig word

### WIE KWALIFISEER VIR DIE KHOI-KHOI-VOORDELE?

**Hulle wat:**

- **Self-identifiseer as Khoikhoi**
- **Aanvaar word as deel van Khoi khoi-gemeenskappe**

* Hierdie sluit persone in wat kwalifiser as Khoi-Khoin van die Sederberg Strook Inheemse Boerdery Gemeenskappe

### WAT IS DIE FORMASIES VAN DIE KHOIKHOI-GEMEENSKAPPE EN DIE SEDERBERG STROOK INHEEMSE BOERDERY GEMEENSKAPPE?

**Khoikhoi-gemeenskap subgroepe:**
**Griekwa**
**Nama**
**Koranna**
**Kaapse Khoi**

* Insluitend Sederberg Strook Inheemse Boerdery-gemeenskappe wat bestaan uit die Wupperthal, Nieuwoudtville, en Suid-Bokkeveld Inheemse Boerdery-gemeenskappe.

* Hierdie is 'n aanspraak gebaseer op geskiedenis as 'n resultaat van die Khoikhoi-voorouers wat die eerste kennis oor die gebruike van Rooibos 200 jaar gelede ontwikkel het. Hierdie historiese formasies was uitgeklaar en opgeneem deur voormalige Pres. Nelson Mandela. Administrsie het die onafhanklike navorsing geïnisieer wat uitgeloop het op ie Status Quo Verslag van 1999. Hierdie historiese formasies en gemeenskappe, saam met die tradisionele provinsiale verteenwoordiging van die verkiesings in 2012 is die voordeeltrekkers van hierdie voordele.

## HOW DO I GET MY BENEFITS?

**Contact details can be obtained from the Trust Secretary, Chantal Revell. Send an email to: Khoikhoibiodiversity@gmail.com**

**I AM KHOIKHOI**

Khoikhoi is clarified in terms of the Status Quo Report of 1999 to include the following Communities (1) Griqua (2) Nama (3) Koranna (4) Cape Khoi

**I have accepted membership to one of these four communities**

**Nama** | **Griqua** | **Koranna** | **Cape Khoi**

**Approach one of your community leaders**

# !Gâi tse Gûre Prof. Jatti

# ✝ A gentle giant has fallen








ZENZILE KHOISAN

With the passing of Professor Henry C Jatti Bredekamp, widely heralded as a trailblazer and patron, a pall of silence has fallen over the entire Khoi and San resurgence in South Africa.

Prof. Bredekamp's life's work had been dedicated to the restoration, the recognition and restitution of descendants of South Africa's foundational peoples.

Prof. Bredekamp (79), or Prof. Jatti as many who worked with the intellectual giant addressed him, passed away in the early hours of 22 September.

The passing of this distinguished and highly accomplished gentle giant, whose immense contribution to culture, history, identity and heritage has drawn an outpouring of messages from across a wide spectrum of society, where his diligent, dedicated life's work that reflected excellence has left an indelible mark.

Many who shared condolences in the wake of his passing celebrated him as "the Father of the Khoi-San Revival Movement whose legacy will positively affect our future for generations to come".

In his life-time he had numerous positions, including head of the Institute of Historical Studies at the University of the Western Cape and Chief Executive Officer of Iziko Museums.

His other great interest, slave history, became a permanent exhibition at Iziko's Slave Lodge, adjacent to parliament, which houses the most comprehensive exhibitions of how this internationally condemned scourge flourished at the Cape during colonialism.

In the wake of his taking his leave from our physical walk to his final !Nâu – a well deserved sojourn into the evermore to be with his Creator – Bredekamp has been heralded by colleagues from academia, cultural activists, the heritage fraternity, indigenous Khoi and San leaders and ordinary people among whom he existed and with whom he worked as the personification of integrity, a true servant leader, a mentor, a father figure, a celebrated intellectual and a visionary who was a trailblazer.

"A big tree has indeed fallen, a towering figure who walked among us has left us," stated Cecil le Fleur, chairperson of the National Khoi and San Council.

"It is because of the immense contribution of a man of the stature of Prof. Jatti Bredekamp, that we have been able to advance to where we are now in our fight to rebuild and restore the First Indigenous Peoples," Le Fleur added.

The NKSC chairperson noted that Prof. Jatti, the celebrated historian and former head of Iziko Museums, was also more than just a mentor on matters of history, culture, heritage and identity.

"He was like a father figure to me with whom I could discuss he progress we were making on heritage legislation to recognise to restore our people.

Heritage practitioner Ron Martin said Prof. Jatti was also someone who personally developed his journey within this sector.

Hilary-Jane Solomon, secretary of the Western Cape First Nations Collective, speaking on behalf of the collective's leadership and structures that had worked closely with Prof. Bredekamp over many years, stated that it was with great sadness that the Collective had received the news.

"The collective owes its vision of building a place of heritage anchorage for First Nations descendants at the River Club to the trail-blazing work and inspirational servant leadership of Prof. Bredekamp.

"Our work, to create a place of integrity, healing, innovation, excellence and restoration is at all times guided by the time-tested principles and values that true stewards such as Bredekamp exemplified," Solomon stated.

Fellow historian Dr. Willa Boezak, with whom Bredekamp had worked closely on several projects over several decades, lamented the loss of this extraordinary man.

He noted that Bredekamp had risen from his birth in Genadendal, a small, heritage-laden enclave in the Overberg region of the Western Cape, to achieve the highest honours and accolades worldwide, which included his leadership positions at highly prestigious institutions.

"He was born at the right time and place, in the oldest missionary station in South Africa with a rich Moravian and cultural history. No wonder that history became his chosen career.

"Prof. Jatti had obtained his first Master's degree at Wesleyan University in the USA and was then appointed as a lecturer at UWC's Institute for Historical Research in 1976.

He completed his second Master's there and published his thesis in 1982, entitled "Van Veeverskaffers tot Veewagters – 'n historiese ondersoek na die betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs 1652-1779. (From Cattle Providers to Cattle Herders – a historical investigation into the relations between the Khoikhoi and Europeans 1652-1779).

"This title refers to the tragic impoverishment and marginalisation of our country's first indigenous people – including his own, the Hessequa."

Dr Boezak said that under Bredekamp's competent guidance, the Institute regularly published its academic Journal of Cape history, Kronos, during the 1990s, in collaboration with colleagues such as Dr. Yvette Abrahams and Prof. Hans Heese.

Boezak further explained that he personally had collaborated on a ground-breaking project with the celebrated academic.

"Jatti and I were requested to write a biography on the Griqua prophet, A.A.S. le Fleur I, which we did from 2013 to 2018.

"I was impressed by his analytical ability, yet he was humble," Boezak stated.

Prof. Tyrone Pretorius, rector of the University of the Western Cape, reacted on Bredekamp's death with the following tribute:

"It is with immense sadness that the University of the Western Cape has learnt of the passing of Prof. Henry Jatti Bredekamp.

"Prof. Bredekamp was a leading scholar at our University and was the former Director of the Institute for Historical Research at UWC."

The rector of UWC further noted that Prof. Bredekamp had taken on "leadership roles of great magnitude", including one serving as president of the South African National Committee of ICOM (International Council of Museums).

Tracing the icon's rise to prominence, Prof. Pretorius explained that Prof. Bredekamp began his career as a farm school teacher near Leeu Gamka in the Great Karoo and later joined UWC, where he would work for the next 27 years in a tumultuous time in the university's history.

He recorded that Bredekamp's academic accolades included Master degrees in History, obtained as a Fulbright scholar from the Wesleyan University in the United States, and then UWC, his appointment to the Institute for Historical Research and then, highlighted in 1995, when he became Director of the Institute.

"A giant tree of the UWC community has fallen. We will remember Prof. Bredekamp for his unflinching commitment to educating a cohort of students at UWC who have gone on to leave their own legacy in the history of our country.

"Our prayers and sincere condolences are with the friends, colleagues and family of Prof. Bredekamp."




**AAN DIE STUUR**

Die Raadslede van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos & Biodiversity Trust is van links: Barend Salomo; Stanley Peterson; Cecil le Fleur; Frans Kraalshoek; Johannes Maarman; Chantal Revell; Kenneth Maarman, Lesley Jansen en Poem Mooney (inset).

# Profiles of executive members of Trust

## *'Nou is die tyd dat ons mense kan vorentœ gaan'*



**JOHANNES MAARMAN CHAIRMAN**

Ek is 'n inboorling van Andrieskraal by Patensie in die Kougastreek in die Oos-Kaap.

Dit is hier waar ek gebore is en dit is my Komvandaan, 'n plek wat nie eens op die landkaart verskyn nie, maar waar daar 'n grote geskiedenis van ons inheemse mense bestaan.

My spoor, van hierdie eenvoudige plek van my geboorte, tot waar ek nou is, amptelik aangestel as die voorsitter van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust, is 'n lang pad waar ek net is dankie sê vir die genade van ons Hemelse Vader. En ook aan die opofferings van ons voorouers en die oudstes wat my pad van my geboorte tot nou geseën het.

Ek kan werklik met trots verklaar dat van my inheemse bewussyn en my groter verstand tot nou, het ek ten alle tye betrokke geraak binne die breë samelewing en te alle tye beïnvloed is deur die spirituele en kulturele waardes en beginsels wat aan my oorgedra is van my gesin, gemeenskap, die kerk en die groter Khoi en San herlewing.

Dit is hier waar ek grootgeword het dat my medemense, veral die oudstes, my eienskappe as 'n persoon en as 'n leier raakgesien en ontwikkel het. As gevolg daarvan het ek ver gevorder as 'n leier, veral binne die gemeenskap en die kerk.

In ons streek moes ons mense groot onregverdigheid deurmaak, want ongeag van die feit dat die inheemse mense die ware eienaars van hierdie land is, was ons mense onteien.

En terwyl almal rondom ons ver gevorder het, al die gronde en die nodige hulpbronne besit, het ons Khoi mense vir al die jare agteruit gegaan en geen voordeel getrek van hierdie vrugbare land van ons voorouers nie.

Dit is om hierdie rede, ongeag van al die vertragings en uidagings, dat ek baie opgewonde is met die vordering wat ons gemaak het met die onderhandelinge oor rooibos, wat gelei het tot die ooreenkoms wat geteken is in 2019 en waarin die regering en die Rooibos-bedryf uiteindelik moes erken dat ons die ware kennishouers is van hierdie plant en sy vele eienskappe.

Met hierdie ondertekening het ons mense gesien dat iets rêrig gebeur het wat die pad oopgemaak het vir toegang tot die voordele ten gunste van ons inheemse mense.

As gevolg van hierdie waterskeidingsooreerkoms is die pad nou oop vir geleenthede vir ontwikkeling vir ons mense – nie net wat rooibos betref nie – maar ook alle plante wie se produkte baie gewild is, waaruit ons mense ook voordeel moet trek en erken word as die oorspronklike tradisionele kennishouers.

Vir ons mense hier in die Kougastreek, byvoorbeeld, word daar in die landbou bedryf gewerk met heuningbos en ook met ander plante wat deel is van die Khoi se inheemse kennisstelsel, maar ons mense is heeltemal uitgesluit omdat die grond waar die heuningbos groei nie in ons mense se besit is nie, maar in die hande van die wit mense wat aan die stuur is van die heuningbos-bedryf en al die nodige toegang en hulpbronne besit en bestuur.

My visie vir die Khoi-Khoi Trust is dat hierdie onregverdigheid op 'n praktiese manier op alle platforms landwyd en internasionaal aangespreek word, en dat die onregte reggestel moet word.

Hierdie veldtog, om die onregte van die verlede reg te stel, is nie iets wat kan wag nie, want ons mense moet opgehef word.

Ons moet ook ons eie grond kry sodat ontwikkelling en volhoubaarheid die pad vorentoe oopmaak vir ons mense.

Dit is nou, met hierdie Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust, dat ons die kans het om waarlik 'n toekoms te bou vir ons mense en vir die geslagte in die toekoms.

## *'At last we can see the benefit of our hard work'*



**STANLEY PETERSON VICE-CHAIRMAN**

I am William Rodrick Stanley Peterson, a Khoi-Khoi child of the Northern Cape, and a direct bloodline descendant of Griqua Leader Adam Kok, who resided at Kapteinskloof (today Bushmanskloof) and married Chief Koopmans daughter princess Donna.

Rooibos was and is our livelihood. My great-great grandfather moved to Griquatown and later to Campbell and Phillopolis – that's where my father's lineage started.

His grandfather and father was born at Damplaats. He met my mother in Colesburg, a Griquatown next door, and they married and moved to Noupoort.

However, I am not representing my tribe or Griqua nation on the Trust, I represent the entire Khoi-Khoi family, of who the main groups are Griqua, Nama, Koranna and Cape Khoi (about 40 groupings).

There were so many injustices done against our Khoi-Khoi People in the Northern Cape. We were removed from that area and settled in Griquatown and Campbell.

Some stayed behind in the Cederberg. We cannot claim restitution in benefits because our laws do not allow it. All over the Cederberg-belt in the Caves and mountains you will find the rock paintings of our people. Our rock arts as Khoi-Khoi People are red like the rooibos tea and are unique and distinct from our San brothers.

The Benefit Sharing will mean a lot to our people because in the past we were not recognised, nor were our Indigenous /traditional knowledge.

For centuries these plants used in as tea were exported with huge financial gain to others while were exploited and so was our knowledge.

The Cederberg-belt mountain range are the only place where the rooibos plant species grow. This stretches from Clanwilliam in the Western Cape to Nieuwoudtsville in the Northern Cape.

In Nieuwoudtsville the Northern Cape Government owns a state of the art Rooibos factory of our R280 million rand and can be operated from a cell phone anywhere in the world, but the Khoi-Khoi community, does not benefit a single rand, neither are we shareholders.

We used the Rooibos plant for centuries as wild tea. My grandmother Lena Jantjies were born on 17 April 1842 in Port Nolloth and died at the aged of 139 years in Noupoort as South Africa's oldest living person (Rapport 1979) and drank only rooibos tea. It was my father's mother , mother, two generations.

I am therefore proud to be the leading negotiator of our Khoi-Khoi negotiating Team and Deputy Chairperson of our Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust. Both these tasks were not easy. We came up against experienced and successful businessmen and a leading law firm representing the Rooibos Industry.

We had no knowledge or experience of negotiations, or of the national and international laws. With the help of Natural Justice, a NGO, we had to gain and undergo training and mediation in negotiation skills for weeks. One week we were trained by two international experienced mediators from Europe.

I also had to visit India's Medical Centre and University, as well as Kenia's indigenous peoples to gain experience and attend international workshops.

It was not an easy journey. It took 11 years of negotiations where we did not receive any renumeration or a professional fee. We sacrificed our time as a labour of love for our Khoi Khoi people. We only reached and signed an agreement in 2019.

At last, we can see the benefits of our hard work and perseverance for our kids and people for generations to come. The negotiation levy is not the ideal one, but we are now in a review process.

# Profiles of executive members

## 'Economic development of communities focus of trust'



**FRANS KRAALSHOEK TREASURER**

As a Griqua representative under the leadership of the late Kaptyn Johannes Kraalshoek, we have been exposed to the indigenous knowledge systems and the importance of the indigenous plants.

Our rich heritage and the intellectual property and holder's right associated with the Khoi-Khoi and Rooibos was identified and handed down through the generations by our elders through oral tradition.

The Khoikhoi communities kept on working the land and never neglected their institutional memory. They preserved the knowledge and rich customs and practises from their predecessors.

Recognised by the Rooibos industry as our indigenous knowledge, it now gives recognition to the Khoikhoi communities at large. This is proof that our communities was and is the first indigenous people of South Africa and must be treated as such.

We as Griqua communities are very glad since we believe that the Rooibos funds will bring relief to the struggles in our communities. This is one of the highlights in my life since the late leader Kaptyn J. Kraalshoek believed in me. He provided me with lots of experiences from an early age and allowed me in the inner circle of the development of the Khoikhoi projects.

I believe my appointment on the Rooibos Biodiversity Trust is because I have 20 years' experience in the struggles of the Khoikhoi people of South Africa.

Other positions I had was as vice-secretary and later secretary of the National Khoikhoi consultative council; vice secretary and later secretary of the NKC for more than a decade; chairperson of the Free State Griqua council; provincial representative of PANSALB; deputy-chairperson of



FRANS KRAALSHOEK

NLB; deputy secretary of Griqua National Unity Forum, and I also participated at the world summit on sustainable development on indigenous peoples, and I knowledge of United Nations and IIPacc operations.

I believe that all these information and skills I obtained through various structures made me a credible leader the NKC can trust with such a huge responsibility.

In 2024 the Free State Griqua Council will celebrate a land struggle for 191 days, and our council will also celebrate 50 years of struggle.

The Rooibos funds arrived at the right time to play a central role of restoration for the Khoikhoi communities. We want to address the pass injustices based on the loss of the benefits of the rooibos.

One of my biggest dreams as a treasurer is to ensure social and economic transformation in the Khoikhoi communities.

We want to make sure that the Rooibos trust fund provide bursaries to our youth, and internship opportunities in various organisations that deal with rooibos.

This will provide them with skills to resolve the unemployment rate amongst our youth.

Others projects are to support women institutions with factories such as packaging and branding of rooibos tea, and other sustainable support programs.

Then we want to place business sectors in every province, which will focus of economic development in each Khoikhoi community. This is to ensure the communities are provided with land to build factories and warehouses in various provinces, as well as establishing guesthouses and developing various marketing materials in line with the rooibos agenda.

We also want to restore the position of the first indigenous people in the country in line with act 3 of 2019. Land is central in all the discussions.

The focus of the Rooibos Trust is to avail funds to various communities in line with the restoration of the customs and traditions. With the approval of the National Khoi San heritage route the fund can also be used to create sustainable projects along the route with the marketing of the rooibos tea and expose the route with our reach heritage.

Within the next five years our communities must be uplifted in such a way to compete in the market and be a part of industry by means of shares.

## 'Posisie een van vertroue, integriteit, en om volk te dien'



**CHANTAL REVELL SEKRETARIS**

Die feit dat die ware feite oor die kennis van die Rooibos-plant navore gekom het, beteken geweldig baie vir my en die breë eerste nasie. Vir eeue was die waarheid oor ons mense se Komvandaan weerhou, en is ons geklassifiseer as "sogenaamde kleurlinge".

Ek is uit my hart uit bly dat met die erkenning van die oorspronklike kennishouers van Rooibos, het die wêreld ook bewus geraak van die afstammelinge van die oorspronklike kennishouers, wat nog volop is in die land, maar steeds nie volle erkenning van ons regering kry nie.

Die gevoel is dus 'n soet-suur een – die trots is daar, maar ons word steeds nie erken as die eerste mense van die land nie.

Die erkenning wat uiteindelik na die Rooibos-gemeenskappe gaan waar die plant geoes word beteken restorasie en geregtigheid kan plaasvind, en mense se menswaardigheid kan stelselmatig herstel word.

Die bewusmakingproses oor ons oorsprong waarmee ons al jare besig is, is baie moeilik omdat ons mense se identiteit weggevat was. Die erkenning dat ons mense die kennishouers is van die Rooibos-plant maak die werk 'n bietjie makliker.

As sekretaris van die Khoi-Khoi Biodiversiteits-rust is my posisie een om vertroue te herstel by ons gemeenskappe. Dit is nie 'n maklike posisie nie, want ek werk met soveel verskillende groeperinge onder een vaandel.

Ek moet ten alle tye bewus wees van die groter Nasie en nie tot die voordeel van net een groep nie. Ek moet seker maak dat Korana, Griekwa, Nama en die Kaapse Khoi gelyk behandel word.

My Korana mense se vertroue in enige regering het oor eeue skade gely, en my posisie beteken dat ek daai vertroue weer moet opbou en herwin – nie 'n maklike posisie nie.

My persoonlike pad as leier spreek van baie uitdagings en uithouvermoë sowel as 'n hart vir ons mense. Ek moes my eie pad terugvind na my Komvandaan.

Daar is steeds uitdagings, maar die pad was die moeite werd.

Nie almal ken die persoonlike aanvalle, valse beskuldigings en die baie trane die afgelope 25 jaar nie, maar ek dink die persoonlike aanvalle was juis omdat ons mense nie heeltemal verstaan dat die geveg teen oeroue onregte op ons as 'n volk, nie oornag uitgewis kan word nie.

Dit was 'n baie eensame pad, maar as jy weet die doel is groter as jouself, dan staan jy vas. Juis hieroor is my aanstelling as sekretaris 'n groot eer en ek weet die posisie moet ten alle tye met integriteit en bereidwilligheid om die Nasie te dien, hanteer word. Die grootste leier is inderdaad die grootste kneg.

Dit is 'n eens-in-leeftyd posisie – dit is die eerste Trust van sy soort in die geskiedenis van Suid-Afrika en ook ter wêreld – dit is onbeskryflik! Ek weet die herstel sal dalk nie in my leeftyd plaasvind nie, maar ek wil ten minste die begin van die massiewe taak van restorasie vir ons mense wou bewerkstellig.

Ons kan begin deur die kennis van een plant te gebruik om ons nasie te bou en die voordele wat daaruit spruit te geniet.

Daarna moet ons werk om die voordele van die ander inheemse plante terug te kry vir ons gemeenskappe, om armoede en ellende te verlig.

Die benefit sharing agreement moet ook kan groei en uitbrei, en ons mense moet kan terugkeer na hul eie grond. Ons klein inheemse Rooibosboere het nie dieselfde krag dra in die mark nie, hoewel die kwaliteit van hul boerdery waarskynlik 'n beter graad produseer as ander in die industrie.

Inheemse kennis is voorwaar die sleutel tot ons terugkeer na die land van ons voorvaders, die Korana, Nama, Griekwa en Kaapse Khoi khoi soos die Attaqua, Hessequa, Gorinaiqua en baie meer. Amase!



PRINSES CHANTAL REVELL

# 'Ooreenkoms maak ander deure vir erfenis oop'



**POEM MOONEY**

Dit is vir my 'n besonderse eer om op die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust te dien in my hoedanigheid as een van die lede van die Nasionale Khoi en San Raad.

Ons is verkies om die saak en regte van ons volke se erfenis en inheemse tradisionele kennis te bevorder.

Ek dien ook huidiglik as stamhoof van die Attaqua Khoi-Khoi volk, wat deel vorm van die Khoi Cultural Heritage Development Council (KCHDC), waar ek as onder-voorsitter dien met leiers soos stamhoof Margaret Coetsee, huidige KCHDC voorsitter.

Die stigting van hierdie Trust was nie 'n maklike saak nie. Dit was deel van 'n lang proses van onderhandeling met die regering, die Rooibosbedryf, asook intense raadpleging met ons mense op grondvlak.

Ons het ons mense se toestemming gekry na 'n intensiewe proses van ongehinderde, vooraf- en ingeligte besprekings en konsultasie.

My Naelstring lê op Prins Albert in die Karoo, waar ek in 1942 gebore is binne ons gesinshuis op hierdie erfenisryke dorp in die !Garop – soos Karoo ook bekend staan.

Prins Albert is deel van 'n groter voetspoor van Attaqua en ander Khoi-stamme wat dwarsoor die Karoo loop – van Prins Albert tot oor die Swartberge.

Dit is as 'n internasionale erfenisbaken verklaar.

Binne in hierdie historiese erfenis voetspoor word plekke ingesluit soos Zoar, Schoemanshoek, Rooiwal, Nietvanaand en 'n groot erfenisbelaaide grotte-stelsel, wat die internasionale bekroonde Kango-grotte insluit.

As ons diep in die storie moet gaan om die proses waardeur die regering en die Rooibosbedryf uiteindelik die tradisionele kennisregte van ons inheemse volk oor rooibos erken het, dan kan ons sien dat dit beslis nie 'n maklik was nie.

Om hierdie rede beklemtoon ek dat ek groot respek het vir die onderhandelingspan, want hulle het 'n moeilike pad geloop.

Daar was groot weerstand gebied deur diegene wat nie wou aanvaar dat die Eerste Inheemse Nasie wel die regmatige tradisionele kennisreg houer is van rooibos, asook vele ander plante en hul eienskappe wat deel vorm van ons erfenis.

Daar is ook die ander deel van die storie, waar ons op elke stadium terug moes gaan om ons mense in te lig, te raadpleeg en konsensus bereik voordat ons tot hierdie plek gekom het waar die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust nou staan om die werk te doen sodat ons mense herstel kan word.

Wat bereik is met die rooibos onderhandeling was beslis 'n waterskeidingsoomblik.

Ons moet dit vier, want hierdie mylpaal het 'n groot deur oopgemaak vir verdere onderhandelinge oor alles wat ons erfenis raak.

Wat hierdie proses tot nou toe vir ons bewys het, is dat ons moet waaksaam wees oor hoe ons die stryd aanpak, en soos in die Bybelse tyd, moet ons selektief wees en net betroubare mans en vroue kies wat geskik is vir doel om oor hierdie saak te praat en die taak aan te pak.

Soos in die Bybelse tyd sal ons ook moet kyk hoe ons mense na die rivier gaan en water drink en ons sal leiers moet kies wat "water soos honde opdrink" en nie dié wat op hulle maag gaan lê en drink nie – onbewus dat die vyand wel op hulle af sal kom.

Daar is nog 'n lang stryd vorentoe waar die ongelykheid en onregverdigheid wat die herstel van ons volk bemoeilik, aangespreek moet word – soos die ongelykheid wat grond betref.

Grond is baie noodsaaklik vir ons ontwikkeling, veral indien ons selfversorgend en volhoubaar ons eie plek wil inneem binne die biodiversiteitsbedryf en alles wat dit vir ons mense aanbied.

Om daardie punt te bereik sal ons moet kyk na grond op byvoorbeeld sendingstasies, en betrokke raak met mense wat dink soos ons dink.

Om hierdie onregregverdigheid van ons gronde, waarvan onteien en vervreemd was aan te spreek, sal ons 'n dinkskrum moet vorm en sodoende behoorlik redeneer oor die strategie waarmee ons werk om ander te oortuig van ons saak.

Uit hierdie dinkskrum moet ons met 'n groep bekwame mense, wat reg is vir hierdie taak, die grondkwessie op alle vlakke en met alle rolspelers aanspreek.

Met elke poging sal ons 'n nuwe mylpaal bereik en die olifant stuk vir stuk opeet.



Poem Mooney is ook 'n skrywer en digter van verskeie boeke. Hier lees hy voor uit sy digbundel, Onbesonge.

# 'Wupperthal se rooibos-tee præ anders as ander tee'



**BAREND SALAMO**

Ek is gekies as lid van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust waarop ek dien as deel van die protokol, na 'n verkiesing binne die Wupperthal-gemeenskap.

My doel, op hierdie Trust is om te dien, onder toesig van die Meester van die Hooggeregshof en om te verseker dat die beleid van die Trust getrou uitgevoer word.

Vir ons hier in Wupperthal en in die breër Sederberg-strook Distrik, is dit baie opwindend, want volgens die tradisionele kennis wat deur die eeue oorgedra is, is Rooibos vir ons nie net 'n plant nie, maar 'n integrale deel van ons kultuur, waar die kennis sterk en stewig by ons gewortel is.

Wat baie belangrik is, is om daarop te let is dat die gebied in en om Wupperthal die grootste bevolking van wilde Rooibosplante het.

Baie van die plante wat elders voortgeplant word, kom van die saadvoorraad van die wilde rooibos plante wat in en om hierdie gebied waarin Wupperthal geleë is geoes was.

Ek kom uit 'n groot gesin van ses susters en vyf broers en my pa het my geleer om rooibos te oes, terwyl my ma, 'n sterk vrou, wat onlangs op 93-jarige ouderdom oorlede is, my die ingewikkeldhede geleer het om produkte van hierdie plant te maak.

In hierdie opsig moet daarop gelet word dat ons Rooibos nie net as 'n tee gebruik het nie, maar vir 'n wye verskeidenheid ander gebruike, spesifiek vir medisinale gebruike, ins.

Ons het dit ook gebruik vir sy medisinale, soos die behandelings van veluitslae, ekseem, maagkrampe en ander maagkwale.

In my spesifieke geval met ons groot gesin van ses susters en vyf broers, is ons almal geborsvoed, maar toe ons van borsmelk gespeen is, het my ma vir ons rooibos as plaasvervanger van borsmelk gegee.

Wat betref die pad vorentoe en om te versker dat die voordele van die Trust na die gemeenskappe vloei wat voordeel moet trek, werk ons op wawielstelsel wat Wupperthal, Nieuwoudtville en die Koue Bokkeveld-gemeenskappe insluit.

Ons moes derhalwe 'n niewinsgewende organisasie (NPO) of 'n Trust geregistreer het om toegang te verkry tot die voordele van die Khoikhoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust.

In ooreenstemming met hierdie vereiste het ons die Wupperthal Community Support Group behoorlik geregistreer, en om te verseker dat ons gereed is om aansoek te doen, het ons 'n entiteit geregistreer om die fondse van die Trust te ontvang.

Ons het gaan kyk na die vyftien omliggendende vestigings by Wupperthal, en sommige het aangedui dat hulle aansoek sal doen vir geldelike voordele.

Dit sal onder meer aangewend word vir beurse om verder te studeer, terwyl ander nie-geldelike voordele verkies het.


In die omgewing in en om Wupperthal is daar 36 000 hektaar wat in die naam van die Morawiese Kerk geregistreer is, waarvan 4% van ons grond gebruik word vir die groei van rooibos.

Hoewel ons nog vir 'n geruime tyd as kleinskaalse boere sal voortgaan, is die hele idee dat ons onafhanklik en selfversorgend moet word en deur die hulpbronne van tradisionele kennis en toegangs- en voordeeldelingsooreenkomste 'n sterk grondslag bou vir toekomstige geslagte, want hierdie geld ons sal help om onsself te ontwikkel.

Ons het die kennis van hierdie plant wat deur die generasies aan ons oorgedra is, en ons glo ons kan ons eie produk ontwikkel met ons eie geografiese aanwyser van hierdie kennis.

Vir ons is dit 'n kwessie van die trots wat ons het in ons kennis wat kom uit ons kultuur en ons lang geskiedenis van werk met hierdie plant.

En ons roem daarop dat jy nie rooibos ken, voordat jy nie Wuppethal se Rooibos-tee geproe het nie.



Barend Salamo wys die boodskappe van die voorouers in die grotte van die Sederberge, by Wupperthal.

# 'Khoi & San started to shift narrative in SA'



LESLE JANSEN

As an indigenous attorney at Natural Justice, Lesle Jansen was at the forefront of the fight for securing victory for South Africa's Biocultural Community Protocol, and the Access and Benefit sharing agreement and other critical instrument of protecting Traditional and indigenous Knowledge holder rights and ensuring justice, restitution and restoration.

Looking back at this grueling fight that lasted more than 12 years, Jansen believes that her meeting Natural Justice was a divine alignment.

Natural Justice was one of the only organisations to step out and support the South African indigenous communities at the time. They did not do selective NGO-ing. They came full-on.

"The way they stood with our indigenous cause, is so profound. Because they were willing to support the Khoi and San struggles, it allowed me to have access to resources and opportunities to assist.

The Rooibos contract, BCP and ABS trust, was a massive deposit into the healing and restoration for the National Khoisan Council's communities. I believe this is a generational start. It's not a fix but a beginning."

Looking back over her decision to become a lawyer, she see it as a divine guidance by God, who should get all the glory, with the support of her ancestors.

Before she embarked on this new journey she says she was a law graduate drop-out at the time in search of her own identity.

"I was giving self-development classes at Pollsmore prison, where my father, John Jansen was head of the prison. It was really generational inspiration drawing from prison transformative work my father was building while he was the head at one of Pollsmoor's prisons.

"In there I encountered prisoners who could have been my brothers, cousins, uncles, sisters, aunts, etc. We have 18 prisons in the Western Cape with our community being over 80% of the prison populations in all of them. Through this healing work it brought me right to the door to discover there was a concerted effort to prevent the indigenous remembering.

When I became conscious of this agenda, I decided that a law career could help. And then I did what I thought should be my part.

I tried to listen after I figured out what was happening. But in short, my pathway was relationships, a lot of people supported, carried me, gave me and the cause a chance.

"Quite honestly it took a village. It takes a village to hold this consciousness. I am still far from understanding it. But the pathway in essence is to come into 'indigenous consciousness alignment'. Once you find its alignment, it carries you. Here, you have no say, really.

What is her view of the broader fight for the recognition, restoration and restitution of Khoi-Khoi and San descendants in South Africa?

"I applaud the Khoi-Khoi and San's descendants in South Africa for the broader fight for the recognition, restoration and restitution.

"I say well done. You've started to shift the narrative in South Africa. You started having an inclusive conversation towards a truly rainbow nation. Through this recognition as traditional knowledge holders to SA's high value plant species and other key initiatives, communities are doing great work in many fields.

"With this, you continue to ensure we can become a truly diverse country as fellow Africans.

My message would be lets aim always for unity, finding our points of connections with our fellow African communities. Lets guard our medicine against disunity, racism, exclusivism. Lets draw from history and our ancestors who were stronger together than apart.

Her message to young Khoi and San descendants who may wish to follow in her footsteps and read law to make the kind of difference she has made is to say that it is a good decision and that communities should encourage them to go into into law to understand how the law can assist their struggles.

"And all of the opportunities are there to be taken. One point I do want to make is for the youth to never forget where they come from and who they are.

"External experts are writing and publishing and researching their significance. Its important for communities to know their own significance, as that is our medicine.

And no matter where they find themselves they will know who they are no matter what comes their way.

*(This is an extract of an interview published in a previous edition of Inheemse Spoor)*



Leslie Jansen, at an information workship in the community.

# 'My streek het lang geskiedenis met rooibos'



KENNETT MAARMAN

Ek is 'n inboorling van Nieuwoudtville en my familie het 'n lang geskiedenis met die dorp en is diep gewortel daarin, asook in die omliggende dorp en binne hierdie streek.

Nieuwoudtville is bekend vir sy biodiversiteit, want die grond is baie vrugbaar, en alle plante wat gekoppel is aan die Khoi se inheemse kennis sal jy hier vind, insluitend rooibos, kougoed, boegoe, als, aalwyn en vele ander plante.

Die inheemse mense in Nieuwoudtville en die omliggende dorpe is nou deel van die breë inheemse Khoi en San-herlewing, maar daar moet nou baie werk gedoen word om ons mense bewus te maak van hul geskiedenis, kultuur en erfenis.

Hier in Nieuwoudtville het ons 'n lang geskiedenis met die rooibosplant , want die grond hier by ons is geskik vir hierdie plant, en ons mense se kennis van hierdie plant loop diep.

Mense praat van tee wat organies gegroei en geoes word, maar vir ons is dit nie iets nuuts nie. Ons was al besig met dieselfde groei en oesproses vir jare, maar het nooit erkenning daarvoor gekry nie.

Dit is daarom vir my 'n besonderse eer om op die Khoi-Khoi Mense Rooibos Biodiversiteits-Trust te dien, en om sodoende die belange van my gemeenskap te verteenwoordig.

Ons mense wag al baie jare vir so 'n liggaam om tot stand te kom sodat ons, wat die intellektuele eiendom en kennis van hierdie plant en sy vele gebruike besit, ook nou kan baat, en ook dat ons gemeenskappe nou ook opgehef kan word.

Met hierdie proses is daar nog 'n lang pad wat ons moet loop voordat regverdigheid geskied, want die groter rooibosbedryf het voorheen nooit voorsiening gemaak vir transformasie en vir gelykheid het nie.

As gevolg daarvan het ons mense gegaan van kennishouers tot plaaswerkers.

Van mense wat die plant en sy voordele geken het, wat deur die eeue die plant bewerk het as 'n tee, as medisyne, en vir vele ander gebruike, tot mense wat die plant oes, of dit vir die fabriek bewerk.

Dan is daar die groter probleem van ons kleinskaalse rooibosboere wat nie die nodige befondsing kry om 'n bestaan te maak uit 'n suksesvolle en volhoubare boerdery nie.

Dit was in 2011 dat wyle Tina Joemat Petterssonn, gewese Minister van Omgewingsake en Vissery, die Rooibos fabriek hier op die dorp geopen het.

In die jare daarna het 'n groep vroue hier, onder druk van hul omstandighede met die munisipaliteit onderhandel vir 'n huur-kontrak om op meentgrond met rooibos te boer.

Maar alles het nie reg geloop nie, veral die feit dat beloftes vir befondsing nie nagekom is nie.

Dan is daar die groot maatskappye in die Rooibosbedryf wat oor die jare groot winste gemaak het – nie slegs met die vervaardiging van tee nie, maar ook met 'n reeks ander produkte waarvan rooibos 'n belangrike bestanddeel is.

Dit sluit in kosmetiese produkte, seep en selfs alkoholiese dranke soos gin, waar die geur van rooibos geïnkorpeer word.

Hoe kan ons as ontwikkelende rooibosboere op 'n behoorlike manier inskakel met hierdie bedryf wat al so ver gevorder is; en hoe verseker ons dat ons mense regverdig behandel en bevorder word? Veral die gemeenskappe en kleinskaalse boere in die streke wat deel vorm van die rooibos groeigebied?

Dis is waarom dit vir my so 'n groot eer is om op die Rooibos-Trust te dien sodat ons deur hierdie liggaam die kwelpunte kan aangespreek.

Nou kan ons boere en gemeenskappe aansoek doen vir fondse vir infrastruktuur en veral vir ons jeug wat aansoek kan doen vir beurse vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling.

Dan kan die kleinskaalse boere, wat tans net die nat oes verkoop, ook as ekonomiese, onafhanklike entiteite self die oes bewerk, verpak en verkoop in die breë binneland en buitelandse marke.

Vir my is dit net een pad vorentoe, want ek, as 'n entrepreneur, weet dat ons net kan vorder as ons volgens 'n ontwikkelingsprogram werk, waar sukses slegs behaal kan word met eerlike hande werk, die nodige fondse en gereedskap. Daarmee saam 'n visie waar die herstel van ons inheemse volk en die welsyn van al ons mense hoog op die agenda is.



Kennett Maarman in die veld in Nieuwoudtville waar die groei omstandighede vir rooibos ideaal is.

# Griekwa-leiers besluit oor eenheid vir die toekoms

BAREND C. VAN WYK



**EENPARIG:** Leiers van die Griekwa Nasionale Eenheidsforum het tydens 'n vergadering op 19 Augustus op Beaufort-Wes besluit oor die stigtig van 'n gesamentlike Raad wat die belange van die Griekwa-volk vorentoe sal neem.

Tydens 'n vergadering van die Griekwa Nasionale Eenheidsforum (GNEF) verlede maand op Beaufort-Wes, is daar 'n resolusie aanvaar dat die forum 'n organiese evolusie sal ondergaan om homself vir die toekoms in te rig.

Daar is besluit dat die forum na 'n raad moet oorskakel om meer effektief te handel met die uitdagings van die toekoms. Die besluit is geneem in die lig van die snel veranderende omstandighede waarin die Griekwa homself tans bevind.

Dit het veral betrekking op die verdeling van fondse uit die Rooibos biodiversiteits-ooreenkoms. Dit blyk dat die voorgestelde "wagon wheel" konsep deur die Nasionale Khoi-San Raad aanvaar sal word wat daarop neerkom dat 'n Hoof Finansiële Amptenaar binnekort aangestel sal word om die aansoeke vir betalings uit die Trust te hanteer.

Volgens hierdie konsep sal betalings slegs aan bepaalde komponente gemaak word wat deel van die "wagon wheel" uitmaak en nie aan individue of groepe nie.

Ten einde dit moontlik te maak dat die Griekwa komponent vir sy regmatige deel kan aansoek doen, moet daar dus 'n verteenwoordigende liggaam geskep word wat die algehele Griekwa-volk sal verteenwoordig.

Dit is daarom noodsaaklik dat daar so wyd as moontlik kennis gegee word aan alle Griekwa-groepe om deel te word van so liggaam sodat elke groep toegang tot die fondse sal kry. Sodra so 'n verteenwoordigende liggaam op die been gebring is, sal 'n Griekwa Trust gestig word.

Wanneer hierdie fondse beskikbaar is, sal die verskillende groepe wat deel is van die Nasionale Griekwa Raad by die Griekwa Trust kan aansoek doen vir fondse om aan te wend vir bepaalde projekte.

Indien die fondse toegestaan word, sal verdere oorsig deur die Trust uitgevoer word ten einde wanbestuur te voorkom.

Die eerste stap is dan die opstel van 'n grondwet vir die voorgestelde Nasionale Griekwa Raad. Die konsep grondwet moet derhalwe so wyd as moontlik versprei word ten einde elke groep 'n geleentheid te gee om wysigings aan te bring voordat die stigtingsvergadering plaasvind.

Die voorgestelde Trust sal hopelik op dieselfde vergadering sy beslag kry om sodoende tyd te spaar.

Dit is belangrik dat die organisasie 'n grondwet het wat op skrif is, want dit dui aan wat die organisasie doen, hoe dit gestruktureer is en hoe dit funksioneer.

Die grondwet bepaal ook die pligte van elke ampsdraer. Organisasies wat aansoek doen vir fondse moet ook oor 'n grondwet beskik.

# Dismayed at image on Rooibos package in Austria




"My name is Shanelle Buttinger, and I am a South African living in Austria.

Whilst perusing the shelves of a Spar outlet in Upper Austria, to my surprise I noticed a box of "Südafrikanischer Rooibos" tea.

I salivated at the thought of relaxing on the terrace with a good ol' cup of Rooibos with its delicate aromatic flavours that would trigger nostalgic memories of my home country. An indigenous tea that would permeate the very existence of my being.

However, almost instantaneously I became perplexed by the imagery on the packaging. The image is of a young East African girl from the Samburu tribe, a semi-nomadic tribe of Nilotic origin, who populate the northern-central parts of Kenya.

Whilst I understand that cultural misappropriation can unintentionally occur, it is imperative to address the significance and consequences of such actions particularly when related to the San and Khoe people of South Africa. It perpetuates the continued erasure of a people, indigenous lands, flora and fauna, and the commercialisation thereof.

In simple terms the imagery neither represents South Africa, the region in which Rooibos is cultivated the (Cederberg and surrounding areas), nor the indigenous tribes (San and Khoe) that have populated the region since time immemorial.

The most fascinating thing about Rooibos, besides its numerous health benefits, is its very specific soil and climate requirements.

The Cederberg region in the Western Cape, South Africa, is the only place where Rooibos can be cultivated. This makes it a uniquely South African tea, deeply connected to the land and the San and Khoe tribes.

South Africa has a rich and diverse cultural heritage that should be celebrated in its diversity including indigenous sensitivity on a global stage.

Rooibos tea holds immense cultural and historical significance for our nation and the indigenous San and Khoe.

It is essential for companies to engage in responsible and culturally sensitive marketing practices.

By using the imagery of a young East African girl from the Samburu tribe, on a product purportedly representing an indigenous South African product, you inadvertently contribute to the erasure and misrepresentation as cited above.


I recommend conducting thorough research and consultation to ensure accurate cultural representation in future product designs.

Furthermore, I would encourage you to consider implementing sensitivity training for your marketing and design teams as it is crucial to prevent similar instances from occurring in the future.

Such training would raise awareness about cultural diversity and promote respectful and accurate representation of various cultures globally.

I hope that you will take the required remedial action to rectify the incorrect image thus avoiding perpetuating indigenous insensitivity.

I believe that by addressing this matter appropriately, we can collectively reaffirm a global commitment to promoting cultural diversity and respect for indigenous people.




# Wêreld erken: Rooibos is KhoiSan se tradisionele kennis

Die Khoi en San volke is die oorspronklike kennishouers van die gebruike van Rooibos – dit word verbind aan ons voorouers wat deur die hele Suider-Afrika nomadies geleef het vir talle eeue. Ons kennis is oorgedra van geslag tot geslag.

Ons begeerte is dat hierdie kennis sal voortgaan om oorgedra te word aan ons toekomstige generasies. Ons voorouers het ons daardie aspekte geleer wat verband hou met die kennis, hoofsaaklik deur mondelike oorlewering, storievertelling en praktiese lering.

In die daardie tyd, nadat hulle vir ure gestap het in die Sederberg-gebied om optimale plante te kry, sou ons voorouers dit oes en in fyn stukkies kap met byle. Nadat dit fyngedruk is met klippe en dan fyn gekap is met hamers, is die plante in hope laat gis en dan in die son gedroog.

Die oes en bewerking van wilde Rooibos is 'n tydrowende en moeilike taak. Die ontginning van Rooibos was op 'n klein skaal, en daarom was die gewildheid van die tee beperk tot ons gemeenskappe.

**Voordele van Rooibos**

Dit sluit in:

- verligting van allergiese simptome
- energie-opkikker
- heling van beskadigde vel
- aptyt-opwekker
- ontspanning
- hipertensie
- maagkwale
- bloed sirkulasie
- nierkwale
- verligting van stress

Rooibos het onbekend vir die wêreld gebly tot 1772, waarna ons kennis oor die gebruike van die plant met 'n Sweedse botanis gedeel is.

Hoewel hy daardie kennis Europa toe geneem het en daaroor geskryf het, was die ware potensiaal van die plant nog nie besef tot 1904 nie. Dit was eers toe 'n Russiese immigrant na Suid-Afrika belang gestel het in Rooibostee en met ons begin handeldryf het.

Wetenskaplik staan Rooibos bekend as *Aspalathus linearis* en is Rooibos deur ons vir geslagte lank gebruik as 'n geneesmiddel vir 'n wye reeks van kwale. Die fyn, naaldagtige rooibosblare is ryk aan antioksidante en is kaffeine-vry.

As dit saam met ander kruie gebruik word, word Rooibos aangewend om diabetes te behandel asook die verbetering van mondhigiëne. In produkte vir velversorging word dikwels Rooibos gevind, wat gebruik word om veluitslag en kleiner velwonde te behandel. Die gebruik daarvan is ook uitgebrei na die landbou-sektor, want dit kan gemeng word in verskeie grondsoorte om te help met bemesting en om grond meer vrugbaar te maak.

KHOI-KHOI PEOPLES ROOIBOS & BIODIVERSITY TRUST

PO Box 9638
BLOEMFONTEIN
9300

(+27)67 817 9337

Khoikhoibiodiversity@gmail.com

Reg. No: IT001858/2019/(C)

## Vacancy (Part time)

# ADMINISTRATIVE EXECUTIVE

This is a part time position for a Chief Administrative Executive who will work under direction of the board of Trustees of the Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust in ensuring that the objectives for which the Trust was created are implemented.

The Khoikhoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust was established to ensure access and benefit sharing for peoples historically connected to Rooibos and other endemic South African plants, in the Cederberg Belt district, and other Communities associated with the Griqua, Nama, Korana and Cape Khoi have been identified as beneficiaries.

**The ideal candidate for the administrative executive position shall:**

- Possess an appropriate Degree in Public Administration, Finance or Project management from a reputable institution of higher learning
- Must not be directly associated with any Khoi structure or the National Khoi and San Council but must be significantly acquainted with Khoi customs, culture and history, specifically as it is relates to the Griqua, Korana, Nama and Cape Khoi structures
- Be able to work respectfully with a wide spectrum of stake-holders, including historically endorsed cultural leadership, organic knowledge holders and professionals in government, academic institutions and the private sector
- Because the primary communities served by the Trust are Afrikaans speaking, the candidate should ideally be competent in Afrikaans
- For transparency and accountability the candidate must be well versed in the spirit and letter of the Public Finance Management Act
- Work with the indigenous Trust leadership in its campaigns to empower, restore and restitute Khoi communities and descendants.

**Please submit a CV and short cover letter to Chantal Revell and Johannes Maarman by email: Khoikhoibiodiversity@gmail.com**
**Closing date for applications is 26 October 2023**

## Vakature (Deeltyds)

# ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Hierdie is 'n deeltydse pos vir 'n Hoof-uitvoerende administratiewe beampte wat onder die direksie van die Raad van Trustees van die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust die Trust sal bystaan om te verseker dat die doelwitte waarvoor die Trust geskep is, ingestel word.

Die Khoi-Khoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust is gestig om te verseker dat mense wat histories aan Rooibos en ander endemiese Suid-Afrikaanse plantegroei verbind is, in die Sederberg-Strook Distrik, en ander Gemeenskappe toegang en voordeelverdeling ontvang. Veral gemeenskappe wat geassosieer word met die Griekwa, Nama, Korana en Kaapse Khoi, wat geïdentifiseer is as begunstigdes.

**Voornemende kandidate vir die pos van Administratiewe beampte moet:**

- In besit wees van 'n gepaste Graad in Openbare Administrasie, Finansies of Projek-bestuur van 'n betroubare hoër onderwys-instelling
- Moet nie direk gekoppel wees aan die Nasionale Khoi en San Raad of enige ander Khoi-struktuur nie, maar moet oor uitgebreide kennis besit van Khoi kultuur, geskiedenis en gebruike, veral wat die Griekwa, Korana, Nama en Kaapse Khoi strukture betref
- In staat wees om respekvol met mense op verskillende vlakke te werk, veral histories bekragtige leierskap; organiese kennishouers, en professionele mense in die regering, akademiese instellings, en private sektor.
- Verkieslik vaardig wees in Afrikaans, omdat die primêre gemeenskappe wat deur die Trust gedien word, Afrikaanssprekend is
- Goed vertroud wees met die letter en gees van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur
- Saamwerk met die inheemse leierskap van die Trust in die veldtogte om die Khoi-gemeenskappe en hul afstammelinge te bemagtig, te herstel en restitusie te bring.

**Stuur asseblief 'n kort dekbrief, asook CV aan Chantal Revell en Johannes Maarman per epos: Khoikhoibiodiversity@gmail.com**
**Sluitingsdatum vir aansoeke is 26 Oktober 2023**



Antionette Maarman in die veld op Nieuwoudtville, waar sy met rooibos boer op meentgrond van die munisipaliteit.

FOTO'S: ZENZILE KHOISAN

> "Ons sou ook graag deel wil wees van die hele teemaak-proses – van waar die rooibos van die veld af kom, dit droog word en sy rooikleur kry tot waar ons dit self verpak in houers en dan verkoop - Antionette







# Liefde vir grond en tee vereistes vir rooibosboere

**DEBBIE HENDRIKS**

Geduld. Dit is een van die eienskappe wat jy moet hê as jy 'n Rooibosboer wil word.

Só sê Antionette Maarman (47), van Nieuwoudtville in die Noord-Kaap, een van die direkteure van die Nantes Agri Hills (Pty Ltd), wat sy saam met twee ander vroue in 2017 gestig het.

Hulle is een van 'n klein groep vroue wat op kleinskaal met Rooibos boer.

Antionette sê die rooibosplant laat hom nie aanjaag nie. "Dit neem sowat drie jaar vandat dié inheemse bos geplant is voordat hy enige opbrengs lewer".

En sy sal weet, want sy leef naby die grond. Dit is duidelik in die manier hoe sy met die plant omgaan – met respek en deernis.

"Om lief te wees vir die grond is 'n vereiste om met rooibos te boer, en natuurlik moet jy lief wees vir tee," lag sy.

Die rooibos het egter nie te veel aandag nodig nie, want dit is asof die Vader self 'n oog oor die bossies hou.

Val daar genoeg reën, sal die rooibos na sy drie jaar groei mildelik sy opgrengs lewer.

Tot dan moet jy net rondom die bosse skoonmaak en dit gereeld snoei sodat die bosse ruig kan groei. Die rooibos sal vir sowat sewe jaar 'n oes lewer.

"Ná die drie jaar is dit 'n kwessie van byhou met die snoei, die groen bosblare in sakke pak en dit by 'n fabriek kry waar die nat blare deur 'n fermentasie proses gaan om droog te word en waar hy dan sy rooi kleur kry. Ons word per kilogram betaal."

Nieuwoudtville is een van slegs 'n handvol gebiede in die Wes-Kaap waar hierdie uitsonderlike bos groei.

Die ander gebiede is die Sederberg-Strook distrik, wat onder ander Wupperthal en Clanwilliam insluit, asook die gebied bekend die Koue Bokkeveld.

Nêrens anders in die wêreld sal hierdie rooibos groei nie – talle het al probeer om dit in ander plekke te plant, selfs elders in die Wes-Kaap, maar die bos weier om enige ander plekke te groei.

Antonette is een van drie vroue in die gebied wat in 2017 die inisiatief geneem het om en 'n maatskappy die Nantes Agri Hills (Pty Ltd) gestig as 'n manier om werk te skep.

Hul idee was om meentgrond by die munisipaliteit te huur waar die rooibos welig groei.

Die ander twee vroue was Hannelie Wildschut en Bianca Perrang.

Die vroue moes egter baie hard baklei om die munisipaliteit te oortuig om in hul droom en visie te glo.

Vir sowat 'n jaar moes hulle veg om die munisipaliteit te oortuig en uiteindelik 'n ooreenkoms te kry. Dit, terwyl die grond net gelê het en hulle dit nie bewerk nie.

"Ons moes hulle oortuig dat ons werklose vroue is wat wat bereid is om hard te werk om brood op die tafel te sit vir ons gesinne, en boonop dat ons wil werk skep vir ander. Ons wou nie bakhandstaan nie," vertel Antionette.

Hannelie Wildschut, het intussen uit die maatskappye bedank nadat sy besluit het om haar beskikbaar te stel om op die munisipaliteit te dien. In haar plek het hulle 'n jong man, Davian Pieterse, aangestel. *(Lees meer oor hom in die oorkantste blad.)*

Omdat sy ondervinding het van hoe hulle gesukkel het om hul stem te laat hoor, het Wildschut besluit sy wil haar gemeenskap persoonlik verteenwoordig.

Wildschut vertel dat die vroue hierna die Noord-Kaapse Departement van Landbou, Landelike Ontwikkeling en Grondsake, genader het. Norman Shushu, destyds die Noord-Kaapse LUR vir Landbou, Landelike Ontwikkeling en Grondsake was toe bereid om R3 M te begroot vir ons as 'n vrouegroep, "maar dan moes ons munisipaliteit – die Hantam munisipaliteit – vir ons vir vyf jaar of langer 'n kontrak gee om die meentgrond te verwerk.

"Die munisipaliteit was net bereid om dit vir drie jaar te doen, en toe verloor ons daardie insputing van die R3 miljoen rand," vertel 'n steeds ontstelde Maarman.

Hierna was daar nog 'n Franse belegger wat belangestel het, maar hulle vereiste was ook vir ten minste vyf jaar, "en toe verloor ons ook daardie belegger omdat die munisipaliteit nie wou ingee vir 'n langer tydperk nie.

"Die rooibosplant moet eers drie jaar moet groei voordat dit geoes kan word, en as ons die huurkontrak met die munsipaliteit net vir drie jaar het, kon dit beteken dat ons dalk van die grond af moet wees en dan verloor die beleggers hul geld," sê Maarman.

Daar is nog baie uitdagings en tekortkominge, maar tot dan gaan hulle voort met die werk op die meentgrond en maak hulle gebruik van plaaslike seisoenwerkers – tussen vyftien en twintig werkers – om te help met die sny van die gerwe, en die verpakking in sakke voordat dit na die fabriek toe gaan. En hulle betaal boonop hul werkers die beste!

Van die uitdagings waarmee die boere worstel is vervoer wat hulle moet huur om hulle, veral in seisoentyd na die grond, sowat 7km ver, te vervoer. Dit kan tot R300 per dag kos. Hul eie bakkie sal baie help, is die versugting.

Die maatskappy het baie ander drome, onder meer om hul mense, en veral die jeug ekonomies te bemagtig; om beleide in plek te stel om werk te skep; om jongmense te inspireer; by skole toesprake te gaan hou en om 'n Youth Desk te skep waar jongmense kan aanklop vir hulp.

# Stadslewe te gejaag – gee hom die oop vlaktes, rustigheid van Nieuwoudtville

**DEBBIE HENDRIKS**

Davian Pieterse (36), is "gebore en getoë" op Nieuwoudtville. Die dorpie wat net duskant die asemrowende Vanrhynspas in die Noord-Kaap lê.

Die dorp is veral bekend vir sy blommeprag in die lente, en is 'n gewilde toerisme bestemming.

Dit is ook een van die min gebiede in 'n strook waar die gewilde Rooibosplant aard.

En vir dié jong man is dit ook die plek waar hy aard. Waar hy wortel geskiet het en hy voel - net soos die Rooibos - dat hy nêrens sal aard nie.

Davian is die jongste toevoeging tot 'n vrouegroep kleinskaalse Rooibosboere, wat meentgrond by die munisipaliteit huur om met die inheemse plant te boer.

Die vroue van die Nantes Agri Hills (Pty Ltd) het hom gevra om by hulle aan te sluit nadat Hannelie Wildschutt, bedank het om 'n raadslid by die munisipaliteit te word, "sodat ek in diens kan staan vir my gemeenskap," het Wildschutt gesê.

Om teeblare te sny is vir hom lekker en hy geniet die rustigheid van die natuur en wil nêrens anders bly nie. Die grond, die rooibos en die mense is in sy bloed.

Davian het vir tyd in Kaapstad gestudeer, maar die geraas en vinnige lewe van die groot stad het hom nie aangestaan nie.

"Dit was nooit eers vir my 'n opsie om in Kaapstad, of enige ander groot stad, te werk of te bly nie.

Hy wou sy plek volstaan in sy geboortedorp en sy kennis wat hy opgedoen het terugploeg in sy gemeenskap.

"Terwyl ek studeer het, het ek met 'n seer hart verlang na die wye, oop vlaktes en die rooi aarde van my geboortedorp."

Davian se storie is 'n opbouende en *inspirerende* een. As enigste seun van 'n enkelma het hy dit nie maklik gehad nie. Daar was geen sprake van 'n pa in sy lewe nie. Hy het nog 'n jonger sussie Gretchen.

"My pa het nooit in my lewe gefeature nie. Hy bestaan nie vir my nie. Ek ken hom nie, en hy het nooit 'n rol in my lewe gespeel nie."

Dit was meestal vroue wat sy rolmodelle was en daarby ook sy ma se broer, Koos Pieterse, wat sy "instaan-pa" was.

"Vroue soos my ma, ouma en tannies was altyd daar vir my, en het my ook finansiël bygestaan.

Daarom is dit nie vir hom vreemd om saam met die vroue rooibosboere te werk nie, en voel hy tuis tussen vroue.

"My oom, Koos Pieterse, is die een wat ingestaan het as pa vir my en my die regte pad gewys het.

Dit was oom Koos wat my gemaan het om op die uitkyk te wees vir die sosiale euwels en verkeerde dinge en dat ek nie net moet volg wat ander doen nie. Ek het beslis na hom geluister. Hy het dit ook nie breed nie, en doen meestal los werkies, maar sal altyd help waar hy kan.

"Hier op Nieuwoudtville gaan ons jeug gebuk onder dwelmisbruik, veral tik, self in my eie familie, en ek het na my oom se woorde geluister. Ek wou nie ook daarin verval nie."

Sy ma Katriena, sy groot steunpilaar, was jare gelede die huishulp van oorlede Dr. Chris Barnard, die bekende hartchirurg.

Sy het vandag baie gesondheidsuitdagings en lei aan lupus, 'n chroniese, outo-immuun siekte wat inflammasie en pyn in enige deel van die liggaam kan veroorsaak, wat beteken dat die immuunstelsel – die liggaamstelsel wat gewoonlik infeksies beveg – eerder gesonde weefsel aanval.

Nadat Davian matriek aan die plaaslike Protea Hoërskool voltooi het, het hy Finansiële Bestuur aan die Northlink College gaan studeer, en by sy niggie in Kuilsrivier gewoon. Hy moes vinnig leer om in die stad aan te pas. Hy moes soggens vroeg op 'n trein college toe reis en het baie aande in die donker tuis gekom.

"Alles in die stad het teen 'n vinnige spoed gebeur. Ek het baie huis toe verlang. Ek wou veral by die huis wees sodat ek my ma kon bystaan."

Weer was dit 'n vrou – een van die rooibosboere – wat Davian uitgehelp het met sy studiegeld.

Hannelie Wildschutt sê Davian is baie slim, ek het hom onder my vlerk geneem. Jy kan maar sê hy is my protégé.

Davian ploeg die kennis wat hy op kollege geleer het terug deur die maatskappy se boeke te doen. Hy doen ook die boeke van die rooibos-fabriek op die dorp.

Gemeenskapslede het net goeie dinge van Davian te sê. Hy staan beslis uit in 'n gemeenskap wat lei onder erge sosiaal-ekonomiese uitdagings; met erge werkloosheid onder die jeug en waar dwelms, onder meer tik, ook sy houvas op die jeug het.

"Davian is baie slim en 'n rolmodel vir die ander jeug. Hy is altyd bereid om enigeen te help, veral leerlinge wat skooltake het, kom klop aan vir hulp, en hy wys nooit iemand weg nie. Hy maak tyd om te help."

Ek het soveel om voor dankbaar te wees en soveel mense wat altyd daar is vir my. Ek voel geseënd, en wil my bes doen om terug te ploeg waar ek kan," sê dié inspirerende jong man.







Davian Pieterse en Antionette Maarman op die meentgrond van die munisipaliteit in Nieuwoudtville, waar hulle met rooibos boer. **REGS BO:** By die geliefde Rooibosplant, wat net in 'n paar streke aard.
**REGS:** Antionette en Davian by Kobus Wildschutt, 'n gemeenskapslid.

**FOTO'S: ZENZILE KHOISAN**




Kennett Maarman, Davian Pieterse en Kobus Wildshut braai vleis vir gaste op Nieuwoudtville.

## Gees van entrepreunerskap

Davian Pieterse (middel) sit hand by terwyl Kennett Maarman (heel links) smullekker braaivleis voorberei vir gaste buite sy restaurant in die Hoofstraat van Nieuwoudtville.

Maarman, wat ook dien op die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust se restaurant, se afval-kerrie, wat hy self voorberei, is baie gewild onder toeriste.

Maarman glo dat gemeenskappe bevorder sal word danksy die werk van die Trust, wat hul belange beskerm deur die Biokulturele Gemeenskaps-Protokol.



The aloe plant




The rieldans we inherited from our ancestors.



Honeybush





Rooibos

# Traditional Knowledge must be preserved, valued – UN

Traditional knowledge is at the core of indigenous identity, culture, languages, heritage and livelihoods, and its transmission from one generation to the next must be protected, preserved and encouraged.

This was stressed by speakers at the Permanent Forum on Indigenous Issues at the United Nations.

Speakers used the Permanent Forutm to share innovations and practices developed in indigenous communities over centuries.

Anne Nuourgam, Permanent Forum Chair, said there is a need to ensure that "our educational practices, languages, environmental conservation and management is acknowledged and respected globally, not only by Governments, but by all peoples."

Traditional knowledge is transmitted between generations through stories, songs, dances, carvings, paintings and performances.

However, global histories of colonialism, exploitation and dispossession continue to undermine and undervalue these aspects.

In many countries, indigenous children and youth are not taught in their native languages. Calling for financial and technical support from Member States and the United Nations, Nuourgam encouraged "all of us make sure our children and our youth are connected to their indigenous community and their culture, which is inextricably linked to their lands, territories and natural resources."

Transferring this information across generations is vital, as is harnessing the potential of youth and women.

Highlighting the importance of preserving languages, María Fernanda Espinosa (Ecuador), General Assembly President, pointed out that knowledge accumulated over thousands of years on medicine, meteorology, agriculture and other areas is at risk of disappearing.

In preparing for the great challenges ahead, she said efforts must include fostering a better understanding of traditional knowledge and finding ways to strengthen indigenous peoples' voices within the United Nations.

Valentin Rybakov (Belarus), Vice-President of the Economic and Social Council, said misconceptions often categorise traditional activities as uninformed and damaging to the environment when, in fact, indigenous peoples' knowledge of their lands includes a vast array of successful practices.

He called on Member States to continue to collaborate with indigenous peoples in implementing the Goals and in reporting for voluntary national reviews.

Royal Johan Kxao UI/O/OO, Deputy Minister for Marginalized Communities of Namibia, said that although his country's Constitution ensures multiple languages could be used in an official capacity, three groups are left on the margins.

The challenge remains in providing education to these groups in their indigenous language at the foundational levels. For this reason, you find many children not able to speak their language."

A representative of the Sami Parliament in Norway, noting the "real fear" that indigenous people will not be able to keep up with the digital revolution, stressed the importance of having access to digital tools in indigenous languages.

The Head of the Indigenous Youth Division at the Fund for the Development of the Indigenous Peoples of Latin America and the Caribbean called indigenous languages "a link to our heritage" and sacred.

A representative of the Nomadic Ancestral Community of Indigenous Peoples of the North (Yukagirs) "Keigur" said the rights to language and land are interlinked, stressing that children must be able to study in their communities and still access education in their native language.

Rybakov (Belarus), said that as an advisory body, the Permanent Forum on Indigenous Issues plays a key role in informing the Council's deliberations and decisions.

Highlighting forthcoming meetings on the Sustainable Development Goals – from inclusive education to combating climate change – he said the issues are of central importance to indigenous peoples and the attainment of their human rights.

As the vast and important role of indigenous knowledge in sustainable development is becoming more widely understood and recognized, he underlined a need to acknowledge its source, ownership and protection, as enshrined in the Declaration on the Rights of Indigenous Peoples.

Partnerships among Governments, indigenous peoples and other actors demonstrate the benefits of recognizing traditional land and environmental conservation knowledge — all of which address the Sustainable Development Goal of combating climate change.

Also becoming ever more apparent are the linkages among traditional knowledge, conservation, climate change and land rights and uses – and their role in promoting inclusive societies and the peace and security agenda.

Nuorgam added that "through our stories, songs, dances, carvings, paintings and performances we transfer knowledge between generations," she declared.

Traditional knowledge is at the core of indigenous identity, culture, languages, heritage and livelihoods, and must be protected.

However, global histories of colonialism, exploitation and dispossession continue to undermine and undervalue these aspects of life.

"We need to ensure that our educational practices, languages, environmental conservation and management is acknowledged and respected globally, not only by Governments, but by all peoples," she said. She further stressed that the violence against indigenous women is a continuing concern, with "my indigenous sisters and daughters targeted for their identity and their role as transmitters of their culture and traditional knowledge.

She encouraged "all of us to make sure our children and our youth are connected to their indigenous community and their culture, which is inextricably linked to their lands.

"This enables people to protect their traditional knowledge. Indeed, the strong and growing engagement of indigenous peoples in the intergovernmental arena is a step forward in ensuring their rights are considered in policies and processes. **(Source: United Nations)**

# Inheemse kennis is in hart en kop, en hande voer aksies uit



Die dier wat die meeste deur ons voorouers geteken is, was die eland, aldus Dr. Willa Boezak.

> "Rotskuns is onse inheemse, intellektuele eiendom, maar ons was so besteel van ons grond dat amper al daai kosbare tekeninge op plase is wat aan ander behoort.

DR WILLA BOEZAK
Hessequa Cultural Council




**Wat is inheemse kennis en intellektuele eiendom?**

Dis die goed wat aan ons behoort.

**1. Onse inheemse identiteit**

Ons moet die trots binne ons harte en siel voel dat ons Suider-Afrika se trotse, eerste nasie is.

DNS-toetse wys dat hoewel die Boesmans en Khoi-Khoin later verskillend begin lewe het, is ons uit dieselfde genetiese poel d.w.s. bloedfamilie!

Newwe maaind wat die regering sê: ons weet wie ons is. Ons moet weer Cogta se minister nader om 'n Khoi-San-blokkie op die sensusvorm te sit want ons wil getel word.

Dat ons gedwing word om op amptelike vorms 'Kleurling' of 'Ander' in te vul, is sommer nonsens.

**2. Rotstekeninge**

Dié tekeninge wys ook dat onse voorouers al derduisende jare hier is. Die dier wat die meeste deur die sjamaans geteken is, was die eland.

Dit is veral daardie wildsbok wat as 'n simbool die krag van Tsui// Goatse (God) uitbeeld, wat nodig was om siekes gesond te maak of te bid vir reën.

Rotskuns is onse inheemse, intellektuele eiendom, maar ons was so besteel van ons grond dat amper al daai kosbare tekeninge op plase is wat aan ander behoort.

Dr. Hendrik Theys noem dit onse "handtekening". Ons sal moet koppe bymekaar sit hoe ons gratis toegang kan kry om dit te besoek wanneer ons wil.

Tog moet ons nie onse kuns van vandag vergeet nie – die maak van tradisionele musiekinstrumente, skilderye, boeke, artikels, ontwerp van moderne Khoiklere, liedjies, drama en gedigte – dit is alles intellektuele eiendom met kopiereg.

**3. Die viskrale**

Die viskrale by plekke soos Stilbaai en vanaf Gansbaai tot Mosselbaai, is deur ons vissergemeenskappe in vlak seewater gebou.

Die manier hoe hulle dit gedoen het, is iets waaroor ek volgende keer gaan skryf, want ook dit is onse inheemse kennis.

**4. Rooibos**

Ons weet reeds dat die Nasionale Khoi en San-Raad met hulp van die regsorganisasie Natural Justice 'n lang stryd met die SA Rooibos-Raad gewen het en dat die regering het onse saak ondersteun.

Hiervoor moet ons veral vir die eer gee vir Cochokwa-hoofvrou en menseregte prokureur Leslé Jansen.

Afrikaners het vir baie jare miljoene gemaak uit iets wat onse inheemse kennis is.

Nou moet R12 miljoen per jaar in ons trust gedeponeer word vir die gebruik van ons kruiebossies, maar nie vir hulle byprodukte soos sjampoe, gesigroom en sulke goed nie.

Dit maak die deur verder oop vir ons kennis oor boegoe, heuningbos en hoodia.

**5. Kruiemedisyne**

Ek lees in Hoëkommisaris Kapt. Aaron Messelaar se nuwe boek hoe vandag daar steeds Griekwa-vroedvroue is wat kruiemedisyne gebruik. Ek het nie groen vingers nie, maar hoe wonderlik sal dit wees as ons wat 'n tuin het, 'n hoekie het vir aalwyn, duiwelsklou, kankerbos en so aan? Dis onse inheemse kennis wat goed is vir allerlei kwale.

**6. Ons tale**

Ons voorouers het verskillende tale gepraat, maar oor baie jare heen het die meeste verdwyn of net sommige woorde het oorgebly.

Vandag het ons Namataal, wat ons ook Khoekhoegowab noem. Dis die oudste inheemse Khoi-taal en word in 'n paar Noord-Kaapse skole as 'n vak geneem, en word deur taalmeester Bradley van Sitters by die Universiteit van Kaapstad aangebied.

Ons ken die fantastiese verhaal van Ouma Katriena Esau wat vroualleen die Boesmantaal N/uu gered het.

Daarvoor het sy die regering se hoë Silwer Boabab eretoekenning gekry asook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad.

Iets wat ons rêrig moet verstaan is dat ons in 1595 'n nuwe, moderne



Hoodia

taal geskep het, naamlik Hottentot-Hollands of Khoi-Afrikaans, om die ruilhandel met die Hollanders makliker te maak.

Krotoa het as tolk haar Kaapse Khoimoedertaal gepraat, Khoi-Afrikaans, Hollands en kon haarself ook uitdruk in Engels en Portugees.

Vandag is ons eie bekende gesigte op TV, die verhoog en koerante: Lyntjie Jaars, Danneline Ramsden en Lynthia Julius wat lekker Nama-Afrikaans en Gariep-Afrikaans gooi.

**7. !Nâu-seremonie**

In 1998 het wyle Griekwa-opperhoof Biskop Daniel Kanyiles ingewillig om ons te help om die Khoi-Khoin se inheemse kultuur weer op te tel.

Die Boesmans het in die 70-ger jare dit gedoen onder leiding van wyle Aartsvader !Gam/Gaub Regopstaan Kruiper.

Ons voorouers het geglo dat elke mens deur vier fases gaan wat elke keer met sekere rituele gepaard gaan – die !Nâu by geboorte, adolessensie, huwelik en afsterwe.

Wat my pla is dat na 25 jaar van ons herlewing, die oorgrote meerderheid van ons net belangstel in die !Nâu vir leiers wat 'n buitengewone oorgangsrite is.

Hier en daar hoor ons van die naelstring wat begrawe word; die hokmeisies; seuns se oorgangsrite; 'n Khoi-huwelikseremonie, en Koos Sas se tradisionele begrafnis.

Ek stel voor dat ons mekaar help wat ons alles vandag kan doen en dit aanpas in 'n moderne tyd; watter elemente nodig is, wat beteken bv. die brand van khoigoed of gebruik van boegoewater.

Dit verduidelik ons dan aan die kinders en jeug sodat hulle dit self kan vorentoe neem. Dis oukei as daar verskille is tussen gemeenskappe. Ons respekteer dit. Neem dit wat vir jou mooi of goed is.

**8. Spiritualiteit en waardes**

Laastens maar die belangrikste: ons oeroue spiritualiteit en waardes. Vergeet maar die leuen dat ons voorouers onbeskaafde, heidense barbare was, ons het die Opperwese, Skepper en Gewer van alle goeie dinge geken, lank voor die eerste sendeling hier was – net onder 'n ander naam.

Ons inheemse kennis sit in die kop – onse verstand – wat dan prakties met ons hande uitgevoer moet word. Bewaar hierdie kennis in jou hart! Kom ons dans die riel en doen die Namastap.

As u belangstel in my boek om baie meer te weet ***So Glo Ons***, stuur 'n WhatsApp na 084 417 2638. R150 plus posgeld met gratis Engelse e-boek Struggle of an Ancient Faith met elke bestelling. KENNIS IS MAG.

*Tot volgende keer, Dr. Willa Boezak, Hessequa Cultural Council.*

## Indigenous knowledge in head, hearts and hands

**What is indigenous knowledge and intellectual property?**

Simply that which belongs to us.

The key points: We are the descendants of SA's first indigenous people. That knowledge makes us proud and determines our precious God-given identity.

Everywhere in our land we find rock art. Dr. Hendrik Theys calls it our "signature". These ancient paintings have a deep spiritual meaning and especially the eland is a symbol of divine power, prayed for by the shamans to heal the sick.

The fish traps at Stilbaai and from Gansbaai to Mossel Bay, show our forebears' ingenuity which enabled them to catch fish in large numbers.

With the legal expertise of Natural Justice we've won a long battle against the SA Rooibos Council, namely, that the medicinal value of rooibos is our intellectual knowledge.

They are now compelled to compensate us to the tune of R12 million every year. High Comm. Capt. Messelaar relates in his latest book how Griqua midwives still use herbal medicine to supplement the treatment. That's also our indigenous knowledge.

If you have a garden, plant some buchu, bitter aloe, devil's claw etc.

Of all our ancient languages only Namaghowab (Khoekhoegowab) and the Bushmen's N/uu survived. The latter is the wonderful achievement of Dr. Katriena Esau. Furthermore, to make the barter with the Dutch easier, our forebears created a new, modern language – Afrikaans.

After Prof. Bredekamp's conference on Khoi-San identities in 1997, an exciting movement ensued to revive our forgotten rituals and rites of passage.

Before the first missionary came to Genadendal our people had worshipped the One and Only God.

# African Biotrade Festival





**AFRIKA SE EERSTE BIOTRADE FEES:**

Verteenwoordigers van die Khoi-Khoi Rooibos Biodiversity Trust het in September die African Biotrade Festival in Sandton, Johannesburg bygewoon waar verskillende kwessies oor die biodiversiteitsbedryf bespreek is.

